higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 4

(3011034)

12 Maart 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings 'waar' of 'onwaar' is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Inventarisbeheer is ook bekend as voorraadbeheer.

1.1.2 Finansiële inligting geneem uit finansiële state word verandering in verhoudings om bestuur te help om besigheid se vordering te begryp.

1.1.3 'n Huurkontrak word mees dikwels gebruik om die aankoop van eiendom te finansier.

1.1.4 'n Aankoopbegroting is 'n finansiële plan wat uiteensit hoe hulpbronne die beste toegewys moet word om die vooruitgeskatte verkope te behaal.

1.1.5 'n Oortrokke rekening word veroorsaak wanneer meer geld onttrek word as wat daar in 'n bankrekening is.

1.1.6 Sosiale verantwoordelikheid verwys na die plig wat 'n persoon of besigheid het teenoor ander individue of gemeenskappe.

1.1.7 Nalatigheid is 'n regskonsep wat gewoonlik gebruik word om vergoeding vir beserings te kry.

1.1.8 Die tyd vanaf aankoop van grondstof tot die verkoop van klaarprodukte word die handelsiklus genoem.

1.1.9 'n Salaris is die geld wat betaal word of ontvang word vir werk of 'n diens per uur, dag of week.

1.1.10 Die pad wat goedere en dienste reis vanaf die verkoper na die verbruiker word 'n verspreidingskanaal genoem.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die verskil tussen inkomste en uitgawes word ... genoem.

1.2.2 'n … staat is 'n manier om kontanttekorte te vermy en te weet wanneer om dit te verwag.

1.2.3 … kapitaal is die kapitaal wat nodig is om 'n besigheid te vergroot en uit te brei.

1.2.4 … kapitaal is die kapitaal wat nodig is om 'n besigheid te bedryf.

1.2.5 … is die daad om iemand anders of onbillik te behandel gebaseer op sekere eienskappe.

1.2.6 Die akroniem SEB ('BEE') staan vir …

1.2.7 'n … beteken om regtens verantwoordelik te wees vir aksies geneem of versuim om gepaste aksie te neem.

1.2.8 … koste bly dieselfde ongeag hoeveel van 'n item geproduseer word.

1.2.9 … is die idee dat besighede winsmakende aktiwiteite met aktiwiteite balanseer wat die gemeenskap bevoordeel.

1.2.10 'n … is finansiering wat beleggers aan aanvangsmaatskappye en klein besighede verskaf wat langtermyngroeipotensiaal het.

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

Mbali, wat haar studie 'n paar jaar gelede by die plaaslike TVOO kollege voltooi het, werk nou by die plaaslike loodgieter. Haar droom is egter om haar eie besigheid te begin.

Sy sê 'n loodgietersbesigheid is nie net oor die skoonmaak van geblokkeerde dreins en toilette nie, maar daar is skoonheid in die ontwerp en uitleg van 'n badkamer.

Mbali dink daaroor om aansoek te doen vir 'n lening om haar eie besigheid te begin. Sy wil spesialiseer in die loodgieterswerk van groot geboue en konstruksies.

As 'n swart Afrika-vrou sal sy punte by maatskappye kry wanneer sy op die BEE-punteskaal tender.

2.1.1 Sal jy voorstel dat Mbali haar eie besigheid vestig? (2)

2.1.2 Staaf jou antwoord in 2.1.1 (2)

2.2 Mbali het besluit om haar eie besigheid te begin.

Identifiseer VIER probleme wat sy te bowe moet kom wanneer sy finansiering verkry. (4 × 2) (8)

2.3 Verduidelik VIER doeleindes van die gedragskode van enige besigheid aan Mbali. (4 × 2) (8)

2.4 'n Werknemer wat laat opdaag vir werk 'steel die maatskappy se tyd' en hierdie punt kan by die Gedragskode van 'n besigheid ingesluit word.

Identifiseer SES ander faktore wat Mbali by haar besigheid se Gedragskode kan insluit. (6 × 1) (6)

2.5 Prysvasstellingsbesluite word deur onder andere aktiwiteitsvlakke en beperkings wat spesifiek aan die besigheid wat bedryf word, beïnvloed.

Noem TWEE spesifieke beperkings wat die prysbepaling vir 'n loodgietersbesigheid kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE vorms van belasting wat Mbali moet betaal as sy personeel in haar besigheid in diens neem. (2 × 2) (4)

3.2 Noem VYF finansiële instellings wat Mbali kan vra vir fondse om haar besigheid te vestig. (5)

3.3 Indien daar nievoldoening aan enige wet of kontrak is, stel 'n besigheid hom bloot aan verskeie regsgevolge.

Noem VYF aksies wat teen 'n wanbetalende besigheid geneem kan word. (5 × 2) (10)

3.4 Verduidelik elk van die volgende terme:

3.4.1 Tendery

3.4.2 Prysbepaling

3.4.3 Bedryfskapitaal

(3 × 2) (6)

3.5 Verduidelik TWEE prysbepalingsmetodes wat Mbali in haar besigheid kan gebruik. (2 × 2) (4)

3.6 Wie is die huidige Minister van Finansies in Suid-Afrika? (1)

[30]

VRAAG 4

4.1 As Mbali haar eie loodgietersbesigheid begin, sal sy 'n entrepreneur genoem word.

Verduidelik die term *entrepreneur* met verwysing na risiko. (4)

4.2 Verduidelik DRIE belangrike dinge wat Mbali in gedagte moet hou wanneer 'n bate op bruikhuur gehuur word. (3 × 2) (6)

4.3 Bespreek DRIE maniere waarop personeellede gedek word deur die Wet op Beroepsgesondheid en veiligheid. (3 × 2) (6)

4.4 Bepaal watter van die volgende koste vas of veranderlik is. Kies die antwoord en skryf slegs 'vas' of 'veranderlik' langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.4.1 Salarisse vir werkers

4.4.2 Bruikhuurkoste

4.4.3 Versekeringspremie

4.4.4 Elektrisiteit gebruik

4.4.5 Rente op lening

4.4.6 Telefoonkoste

(6 × 1) (6)

4.5 Illustreer die handelsiklus vir enige besigheid met 'n vloeidiagram. (8)
[30]

VRAAG 5

Grace Nxumalo, plaaslik bekend as Gogog, het die Siyabonga-dagsorgsentrum baie jare gelede in Soweto begin. Tans het die sentrum 60 kinders, twee onderwysers en drie ondersteuningspersoneellede.

Sekere van die kinders wat deur die sentrum gehelp is, skenk geld om dit te koop. Grace het hierdie skenkings gebruik om die gebou binne en buite te verf en sy het nuwe meubels en speelgoed gekoop.

Ongelukkig het Grace nie 'n bestuurlisensie nie, maar sy het iemand wat een keer 'n week dorp toe gaan om kruideniersware vir die volgende week se etes te koop. Die help Grace om te beplan.

Haar tydrooster vir die sentrum is soos volg:

07:00	Ontbyt
09:00	Versnapering
12:00	Middagete voorgesit vir jonger kinders
12:00	Rustyd vir kinders terwyl ouer kinders arriveer
13:00	Middagete voorgesit vir ouer kinders

5.1 Identifiseer EEN elk van Grace se...

5.1.1 persoonlike sterkpunte. (2)

5.1.2 swakhede. (2)

5.1.3 vermoëns. (2)

5.1.4 passies. (2)

Kopiereg voorbehou

5.2 Noem AGT uitgawes wat deel van die maandelikse bedryfskoste van die Siyabonga-dagsorgsentrum sal uitmaak. (8)

5.3 Een van die aspekte wat deur die dagsorg se Gedragskode gedek moet word, is die kliënt se 'reg om te weet'.

Bespreek hierdie punt met betrekking tot Siyabonga-dagsorgsentrum. (3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik VIER redes aan Grace waarom Siyabonga-dagsorgsentrum 'n kontantvloeistaat moet opstel. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1.1 Gee TWEE tipes opleiding wat Grace en haar personeel moet bywoon? (2)

6.1.2 Gee redes vir jou antwoord in 6.1.1 (2)

6.2 Grace beset tans drie kamers langs die plaaslike skool. Sy wil nog 'n kamer laat bou sodat die kinders van die skool 'n veilige plek het om hulle huiswerk te doen. Die bank benodig kollateraal om die nodige fondse aan Grace te gee.

Omskryf die term *kollateraal.* (4)

6.3 Gee TWEE voorbeelde van kollateraal wat Grace kan gebruik om die nodige fondse te kry. (2 × 2) (4)

6.4 Noem TWEE risiko's waarvan 'n dagsorgsentrum bewus moet wees en voorsorgmaatreëls moet tref om te verhoed dat 'n ongeluk plaasvind. (2 × 2) (4)

6.5 Verduidelik VIER gevolge wanneer enige tipe risiko nie bestuur word nie. (4 × 2) (8)

6.6 Identifiseer DRIE maniere waarop Grace en haar personeel die dagsorgsentrum kan verbeter. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die belang van netwerking in haar gemeenskap aan Grace. (2 × 2) (4)

7.2 Identifiseer VIER belanghebbendes waarop die Gedragskode van die Siyabonga-dagsorgsentrum 'n invloed sal hê. (4 × 1) (4)

7.3 Noem TWEE belangrike wetgewings vir die leen van geld by banke. (2 × 2) (4)

7.4 Wanneer ouers hulle kinders inskryf, moet hulle 'n kontrak onderteken.

Omskryf die term *kontraktuele aanspreeklikheid*. (4)

Kopiereg voorbehou

7.5 Grace het vaste koste van R20 000 per maand wat salarisse insluit. Die skoolgeld is R500 per kind per maand. Dit sluit ontbyt en middagete is, wat haar ongeveer R100 per kind per maand kos.

Bereken die aantal kinders wat Grace nodig het om seker te maak sy breek gelyk. Gebruik die volgende formule:

$$\text{Eenhede} = \frac{\text{vaste koste}}{\text{prys per eenheid} - \text{veranderlike koste per eenheid}}$$ (6)

7.6 Noem VIER vaste bates wat 'n dagsorgsentrum nodig het. (4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 180
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou